

Skriflesing: Psalm 29; Openbaring 10:1-4

Teks: **Openbaring 10:1-4**

Sing- **Ps. 149:1,2; Ps. 38:1,17; Ps. 18:7; Ps. 68:3**

Psa 29:1 'n Psalm van Dawid. Gee aan die HERE, o hemelinge, gee aan die HERE eer en sterkte!

Psa 29:2 Gee aan die HERE die eer van sy Naam; aanbid die HERE in heilige sieraad!

Psa 29:3 Die stem van die HERE is op die waters, die God van eer donder; die HERE is op die groot waters.

Psa 29:4 Die stem van die HERE is met krag; die stem van die HERE is met heerlikheid.

Psa 29:5 Die stem van die HERE breek seders; ja, die HERE verbreek die seders van die Libanon;

Psa 29:6 en Hy laat hulle opspring soos 'n kalf, die Libanon en Sirjon soos 'n jong buffel.

Psa 29:7 Die stem van die HERE slaan daar vuurvlamme uit.

Psa 29:8 Die stem van die HERE laat die woestyn bewe; die HERE laat die woestyn van Kades bewe.

Psa 29:9 Die stem van die HERE laat die takbokke lam en maak die bosse kaal; maar in sy paleis sê elkeen: Heerlikheid!

Psa 29:10 Die HERE het gesit oor die Watervloed; ja, die HERE sit as Koning tot in ewigheid.

Psa 29:11 Die HERE sal sy volk sterkte gee, die HERE sal sy volk seën met vrede.

Openbaring 10:1-14

Rev 10:1 En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur;

Rev 10:2 en in sy hand het hy 'n geopende boekie gehad, en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land;

Rev 10:3 en hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor.

Rev 10:4 En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie.

Skriflesing: Psalm 29; Openbaring 10:1-4

Teks: **Openbaring 10:1-4**

Sing- **Ps. 149:1,2; Ps. 38:1,17; Ps. 18:7; Ps. 68:3**

Sewe donderslae. Broeder en suster, in Openbaring 10 lees ons dat die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, maar weet u, geliefdes, ons moet teruggaan na Psalm 29. Ons het in die Psalm iets van 'n skildery van Openbaring 10. Ja, ons kan dit vir ons op 'n besondere wyse voorstel. Wanneer ons na Psalm 29 kyk dan is daar 'n aangrypende skildery maar rondom die skildery 'n baie besondere raam. Dit is hoe 'n mooi skildery moet wees, daar moet 'n kwaliteit raam daarrondom wees. Dit alles het Psalm 29 wat Openbaring 10 ook bevestig.

Psalm 29 kan ons soos volg indeel. Verse 1 en 2 en verse 10 en 11. Die begin van die Psalm en die einde van die Psalm vorm die raamwerk. Vanaf verse 3-9 gebeur daar wat ons kan

noem, sewe donderslae. Dit self is die skildery. Ons kyk dan vanoggend eerste na die skildery, daarna die raam om hierdie skildery en dan kyk ons na alles in die geheel.

Die skildery:

'n Donderstorm hier op ons Transvaalse hoëvelde is nie onbekend nie. Dit kan iets geweldig wees. Dawid, die skrywer van hierdie Psalm, hy ken donderweer. Toe hy as kind wagter van skape was, was hy baie in die veld. Daar in die berge van Judea hoe swaar kan die weer nie word nie?! Hoe die wolkmassas stadig nader kom, helder wit soos geweldige ballonne opgeblaas, dan begin hierdie wolke donkerder word. Die blitse wat slaan, die weer wat onmiddellik dreun dat mens nie anders kan as om met respek jouself terug te trek, klein te word, te wag vir die volgende slag, die volgende dreuning.

Dit wat soos 7 donderslae in Psalm 29 na ons kom, dit staan hier duidelik. Dit vorm die skildery wat ons moet raaksien. Ons luister na elke donderslag wat die Psalm laat dreun. Al sewe van hulle- Die eerste is ***die stem van die Here wat dreun op die waters, die God van eer donder (v.3)*** ... Dan kom die tweede donderslag- ***die stem van die Here is met krag (v.4)***. Dan kom die derde donderslag- ***Die stem van die Here is met heerlijkheid... (steeds v.4)***. Die vierde donderslag- ***Die stem van die Here breek seders (vers 5)***. Die vyfde donderslag- ***Die stem van die Here slaan daar vuurvlamme uit- (v.7)***. Die sesde donderslag- ***Die stem van die Here laat die woestyn bewe (v.8)***. Dan die laaste dreuning, die laaste, die sewende donderslag wat in die vêrtes wegdreun- ***Die stem van die Here laat die takbokke lam... (v.9)***.

Die verf van hierdie skildery, gemeng en ingekleur tot hierdie sewe donderslae. Elke streep wat die kwas maak word ingelei dat dit die stem van die Here is. Die meeste van hulle iets wat die mens maar net moet aanskou en hoor, ek kan daar niks aan doen nie. Ek kan nie 'n weerlig met my hand vang nie, ek kan geen muur bou voor 'n vulkaniese berg as dit daardie massas lawa uitstoot, dit borrel en kook, dit begin te loop.... dit skiet die fynste as hoog die ruimtes in. Soos ons weet as die lugruimtes met hierdie fyn as gevul is, dan word die groot vliegtuie grond toe gedwing. Laas jaar was vliegtuie weke gestrand oor vulkaniese as. Dit is presies wat Dawid besing- vuurvlamme slaan die berge uit (v.7)- Skrifverklaarders wys dat dit op vulkaniese uitbarstings moet dui....

Ja, luister mooi as Dawid sê – Hy laat berge opspring soos 'n kalf, *die Libanon en Sirjon soos 'n jong buffel*. Dan lees ons ook- *die Here laat die woestyn bewe (v.8)*. Berge wat opspring, woestyne wat bewe, dit dui op die aardbewings wat ons in die afgelope jare die geweldige

daarvan gesien het. 26 Des 2004 die geweldige Tsoenami wat eintlik maar 'n aardbewing in die see is. Die tsoenami-golf uit die Indiese Oseaan het die kus van Suidoos-Asië getref. Magte, kragte wat 'n mens verstand te bowe gaan as die see so bruis. Eintlik maar presies wat in Psalm 98:7 ook staan- *Laat die see bruis en sy volheid...* Psalm 98:9 sê dit gebeur alles *voor die aangesig van die Here*. Ja, 15 jaar gelede het ons eintlik nie eers geweet dat daar so 'n woord bestaan soos *tsoenami* nie. 1 Oktober 2009 was dit weer 'n tsoenami wat Wes-Samoa, die Filippyne en Korea getref het. Dink maar toe Japan in Maart 2011 deur hierdie opspringende buffel moes bewe. 'n Aardbewing, 'n tsoenami.... Hoeveel daar nog gaan wees, dit weet ons nie, maar wat ons wel weet, die stem van die Here laat dit gebeur.

Die sewe donderslae van Psalm 29 wys baie duidelik op die totale ontwrigting in die natuur. Trotse seders word gebreek, hele bosse word kaalgestroop- die seders van die Libanon (v.5). Die stem van die Here is wat elke keer vooraf staan. Die stem van die Here wat ons besef God is die Een wat praat. Verlede week het ons uit Hebreërs gehoor dit is waaroor eintlik die hele Hebreërs gaan- God praat. Heb.1:1- In die ou dae, in die ou tyd het God op baie maniere gepraat. Tot die vaders, deur die profete... In ons dae, in ons tyd, praat God nog. Hy praat deur sy Seun Jesus Christus.

Psalm 29 se sewe stemme, sy sewe donderslae is eintlik net een stem, die stem ook van Jesus Christus. Dit is eintlik wat ons in vers 10 hoor- God regeer. Hy doen dit deur sy Seun. God sit bo die watervloed. Die watervloed van vers 10- *Die Here het gesit oor die Watervloed...* Watervloed in Psalm 29 is in die Hebreus presies dieselfde woord wat gebruik word in Genesis as God die sondvloed 'n watervloed maak. Met hierdie watervloed het die hele ou wêreld ondergegaan. Die hele eerste ou wêreld het verdrink, dit was God se oordeel. Die stem van God.

So kom Psalm 29 en Openbaring 10 bymekaar. Daar gaan weer 'n oordeel wees, soos met die sondvloed. Dan is dit die eindoordeel. Daar is 'n sterk engel wat vlak voor die wederkoms met 'n groot stem dit uitroep- Die donderslae van Psalm 29 kom weer na vore. Ons lees Op.10:3-4 *en hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor.* **4** *En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie.*

Baie duidelik Psalm 29 se sewe donderslae en Openbaring wat presies dieselfde getal donderslae aftel, hulle wys na wanneer die finale oordeel gaan aanbreek. As Psalm 29 aanmekaar herhaal- *die stem van die Here...* dan lees ons in Openbaring 10 ook weer dat die sterk engel praat met 'n groot stem. Hy roep geweldig hard, dalk het hy geskreeu. Ons lees in Op.10:3- *hy het dit uitgeroep soos 'n leeu wat brul en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor.* Ja, wetenskaplikes het vasgestel dat 'n leeu se brul tot 5km vêr deur die menslike oor gehoor kan word. Vir die stem het 'n mens ontsag. Hoeveel ontsag sit daar vir ons opgesluit as Psalm 29 dan so by herhaling sê- *die stem van die Here, die stem van die Here, dit tot sewe maal toe!*

Openbaring 10 lê die simboliek duidelik. Land en see moet hoor. Die engel se regtervoet is op die see, sy linkervoet op die land. Hy praat soos 'n leeu wat brul, dan lei ons af dit is duidelike woorde wat gepraat word. Die sewe donderslae word as't ware deur die engel voorgesê wat om te sê. Die sewe donderslae is ook dienaars van God, wat weet wat die Here gaan doen. Hulle sal dinge aankondig wat ons sewe donderslae in Psalm 29 die vêraf gerammel van die donderweer bevat. Johannes hoor elke donderslag duidelik en mooi. Hy wil dit net begin neerskryf, toe word sy hand vasgegryp. Jy skryf dit nie! Hierdie sewe donderslae moet verseël word. Johannes het elkeen kon skryf maar hy mag nie. So weet ons nie presies wat Openbaring se sewe donderslae kwytingeraak het nie, maar tog mag ons Psalm 29 se sewe donderslae duidelik hoor. Watter voorreg om dit te mag hoor. Ja, ons eerste gedagte van Psalm 29:3-9 as skildery met sewe donderslae is duidelik geteken, maar nou hierdie skildery kort iets baie belangrik. Daar moet 'n raam omgesit word. So kom ons by ons tweede gedagte-

Die raam:

Psalm 29 verse 1 en 2 en weer verse 10 en 11. *Gee aan die HERE, o hemelinge, gee aan die HERE eer en sterkte! 2 Gee aan die HERE die eer van sy Naam; aanbid die HERE in heilige sieraad!* En dan vers 10b en vers 11- *ja, die HERE sit as Koning tot in ewigheid. 11 Die HERE sal sy volk sterkte gee, die HERE sal sy volk seën met vrede.* Ons kan ook sien waar die hoeke van die raam bymekaarkom. Dit staan aan die einde van vers 9- net 'n enkele woord- HEERLIKHEID. Na die geweldige sewe donderslae, na die skildery ten volle geteken staan, is daar eintlik net een woord- heerlijkheid! Dit is wat elkeen in die paleis sê Heerlikheid. Dit is al wat hulle kon sê- Heerlikheid.

Broeder en suster- u moet mooi kyk na wat nou in die Psalm gebeur. Daardie sewe donderslae is almal dinge wat hier onder op die aarde gebeur, maar die raam van hierdie skildery word van bó, waar God is getrek. Die hemelinge begin hierdie Psalm- *Gee aan die HERE, o hemelinge, gee aan die HERE eer en sterkte!* Dit is asof ons kan vooruit hóór na die nag daar naby Bethlehem in die velde van Efrata- waar die engele ook gesing het. Psalm 29 is dit liggende engelekore rondom die troon van God en hulle word opgeroep om 'n lied te sing waarvan die tema is- EER AAN GOD... (vers 1) vers 11 eindig deur te sê – *Die Here sal sy volk seën met vrede-*

Geliefdes daar hoor u die engele sing die lied in die hemel nog lank voor hulle hierdie lied op die aarde sou kom sing- Op die aarde, die nag naby Bethlehem in die velde is dit presies dieselfde tema- Luk. 2:14- **14** *Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!* Hemel en aarde het bymekaargekom. Christus het dit bymekaargebring. Daarom mag die hemelse lied nou ook op die aarde gesing word, terwyl voor Christus gekom het, was die aarde die geluid van donderslae, voluit sewe, volle donderslae, terwyl net die hemel die plek kon wees van engelesang, 'n lied van hemelinge. Donderslae, engelesang, wie kon dit bymekaarbring. Geen mens nie, net Christus wat dit kan doen. Hy wat die donderslae op Hom moes neem, dat daar vir ons die woorde, die lied, die melodie van engele mag opklink.

Broeder en suster, wanneer 'n skildery en 'n raam bymekaarkom, dan gebeur daar iets besonders. Dan word dit alles voltooi. Daarom is dit ook ons laaste gedagte vandag-

Kyk na die geheel:

Wanneer u weer in 'n donderstorm die geweldige dreuninge hoor, laat hierdie Psalm u dit ook hoor- Sewe donderslae, en elke keer staan hier- DIE STEM VAN DIE HERE... Ja, ons lewe op 'n stormgeteisterde aarde. Geweldige dinge wat gebeur. Natuurkragte, vlamme, water, dit word erger hoe ouer die skepping word. Al meer ouer mense sê vir my hulle kan nie dink dat somers jare gelede so warm was soos ons dit in hierdie tye beleef nie. Ek sal nie kan vergelyk nie, maar dat dit in die somer geweldig warm word, is so. Op ander plekke in ons land nog baie warmer!

Polities, ekonomies beleef ons ook donker tye, donderslae wat nie maar net in die weer uitslaan nie, maar politiese donderslae, ekonomiese donderslae, sosiaal etiese donderslae.

Dinge gebeur wat ons nie kan verklaar nie. Dis donderslae in ons gemoed. Dit laat die aarde, ons ou landjie krampagtig ruk. Ons eie harte krimp ineen. Oscar Pistorius en Reeva Steenekamp, wat het daar gebeur, iets van die donker van donderslae wat plaasvind. Griekwastad- ook weer moorde, weer Steenekamp, daardie Steenekamp saak is nog net so min opgelos soos die Pistorius-saak. Die nuus oor ons radio's en TV's is eintlik elke dag soos 'n donderstorm wat oor ons trek. Rame en ruite rammel, dit rinkel onder die nadreuning van die weggrollende onweer. Dit is die wêreld waarop ons woon. Sewe donderslae uit Psalm 29 trek die wolke oor ons saam. Flitsende weerligte wat die skou toneel van verwoesting felwit kan verlig. Aardbewings wat die berge soos buffels kan laat rondspring, vulkaniese uitbarstings wat hulle vuurvlamme hoog die ruimte inskiet.

Tog iets van 'n ironie, in al hierdie geweldige donderslae is die stem van die Here, maar dieselfde stem gee uitdrukking daar waar 'n lammetjie hierdie wêreld inkom- Hoe verskriklik dit wat die stem kan beteken- maar ook hoe mooi dit wat die stem kan bring- *Die stem van die Here laat die takbokke lam...*

Dit alles trek saam, ja geliefdes in die geheel gesien is Psalm 29 en Op.10 met die inleiding tot die eindoordeel besig. God se oordeelstem wat in die sewe donderslae die eindoordeel vooraf laat gaan. Soos 'n leeu brul Hy! Dit is hard en duidelik.

In die geheel hoe wonderlik dat hierdie skildery het reeds sy raam! Op die aarde is dit donker donderslae, stormagtige onweersnagte... MAAR daarbo liggende engele, hemelinge wat rondom die troon van God sy heerlikheid besing. Watter geweldige teëstelling wat ons aangryp. Daarbo...- hieronder... Daarbo- net heerlikheid, hieronder- so baie verwoesting! Dit sê vir ons- God is besig om ons voor te berei, ook vir die finale oordeel. Dit wat Openbaring 10 inlei.

Daarbo- hieronder, ons mag sing van ook daartussen. Daar waar Christus tussen-ingekom, tussen hemel en aarde het Hy gehang, nou is Hy nog tussen ons en God, ons Voorspraak, aan God se regeterhand. Hy wat die skildery van hierdie aarde, met sy verskriklike donderslae tog 'n hemelse raam om ons kan trek. Daarom die finale boodskap van Psalm 29- KYK OP! Ja, die laaste vers- *Die Here sal sy volk seën met vrede...* Ja, duisternis op die aarde- lig in die hemel. Donderslae op die aarde- engelesang in die hemel- Stormnag op die aarde- In God se paleis daarbo sê elkeen- HEERLIKHEID! Verwoesting en ontwrigting op die aarde- daarbo

eer aan God in hoogste hemele... Laat ons hier weggaan, met die besef in hierdie donderslae het ek ook 'n plek. Tussen die sewe deur staan u en ek. Ons het 'n dure verantwoordelikheid om tussen alles deur, deur die krag van die Heilige Gees met woord en daad die hemelse boodskap op aarde uit te dra. Dit totdat Jesus Christus kom, hy dan die hemelse vrede op aarde gaan vestig, Hy dan aan alle storms 'n einde sal maak. Ja, waar ons almal dan sal kan sê- Psalm 29 vers 9- HEERLIKHEID. Elkeen in sy paleis in ewigheid sal sê- HEERLIKHEID. Dit maak dat ons nie anders kan uitroep as dit waarmee alles eindig niè- Maranatha- *Kom Here Jesus, kom gou*

AMEN